## Sakepersoon van die week

# 'Boere moet gehelp word'

**Prof. Johann Kirsten, voorsitter van die nuwe Voedselprysmoniteringskomitee, is energiek, oopkop, en het 'n drif om die lot van armes te verlig. Leo Kok het met hom gesels.**

'N Lang en harde jaar wag waarskynlik op prof. Johann Kirsten, lektor aan die Universiteit van Pretoria (UP) en nuutverkose voorsitter van die Voedselprysmoniteringskomitee (VMK).

In sy nuwe rol sal Kirsten verantwoordelik wees vir die bestudering van 'n magdom faktore wat 'n invloed op Suid-Afrikaanse voedselpryse het en waarvan elkeen misbruik kan word, met die koste wat in die proses aan die verbruiker oorgedra word.

Hierdie belangrike taak gaan na alle waarskynlikheid oorskadu word deur sy verantwoordelikheid om die verwagtings te balanseer van die publiek, wat die kop van skuldiges sal wil sien rol, en die regering, wat na die lot van alle partye in Suid-Afrika moet omsien.

Kirsten is geen onbekende in landboukringe nie. As landbou-ekonoom het hy in die staatsdiens gedien en Suid-Afrika as landbou-attaché in Londen verteenwoordig voordat hy hom uiteindelik by die UP aangesluit het. Hy is nou die hoof van die departement landbou-ekonomie en landelike ontwikkeling aan die UP.

In sy navorsing en teenwoordigheid op die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR) kom sy passie vir die demokratisering van die landbou-sektor en die lot van swart kleinboere sterk na vore. "In die verslag wat ons tydens die hoogtepunt van die voedselkrisis einde 2001 aan die regering oorhandig het, het ons dit duidelik gemaak dat die regering nie te veel moet fokus op korttermynoplossings vir die krisis nie.

"Hoewel daar 'n aantal oplossings oor kort termyn is, is die onderliggende probleem dié van ondersteuning vir die landbousektor en die ontwikkeling van veral swart boere om deel van die hoofstroom-ekonomie te word."

Volgens hom het swart kleinboere nog nie die nodige toegang tot grond, opleiding, finansiering en ander basiese hulpmiddels om hulle deel te maak van Suid-Afrika se landbou-ekonomie nie.

"Een van die voordele van die voedselkrisis is dat dit weer die belangrikheid van die landbousektor onder die aandag van die regering gebring het. Stabiliteit op hierdie gebied is noodsaaklik vir maatskaplike en politieke stabiliteit."

Boere, wit en swart, kry dikwels die skuld vir stygende voedselpryse. Volgens hom is hierdie boere oorgelewer aan die markkragte van vraag en aanbod. Hoewel hulle 'n goeie inkomste verdien as die pryse styg, moet hulle dikwels aan die kortste end trek wanneer pryse skielik daal.

Ondanks Kirsten se fokus op die onderliggende behoefte aan ontwikkeling van die landbou-sektor, beaam hy die erns van die stygende voedselpryse.

"Die voedselpryse beïnvloed veral die landelike bevolking. Ek dink nie ons besef hoe 'n groot gedeelte van die plaaslike bevolking leef onder die broodlyn nie. Selfs kleiner swart boere wat basiese produkte verbou, het nie genoeg om van te lewe nie en is steeds netto kopers van voedsel."

In 'n memorandum van die departement van landbou word verduidelik dat opportunistiese prysbepaling en die uitwerking daarvan op die verbruiker nie gekwantifiseer kan word nie aangesien geen liggaam bestaan om die verskillende bydraende faktore te monitor nie. Hierdie taak sal nou in die hande van Kirsten en die VMK val.

Kirsten, prof. Fikile Mazibuko, ondervoorsitter, en die res van die VMK sal vir die eerste keer op 20 Januarie vergader om die magte en verantwoordelikhede van die komitee vas te stel.